NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

JUNIE 2019

Johannes 14: 15 - 31

HOE LYK JESUS SE VOETSPORE?
Jesus het gedurende sy tyd op aarde daadwerklik omgegee vir die wat honger, siek en/of en verwerp was. Hy verwag dieselfde van ons. Matt 25 :31 - 40

TREK DIE STEWELS AAN
Jesus stuur ons ook uit om sy boodskap van verlossing uit te dra. Deur die Heilige Gees is Hy met ons en maak hy dit vir ons moontlik. Matt 28: 18 - 20

STAP DIE PAD
Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Gal 5:22-23

STAP SAAM
Deur die Heilige Gees gebind, is ons die liggaam van Christus - elkeen met n besonderse doel wat ons moet vervul.
1 Korintiërs 12: 12 - 20

RITME VAN DIE MARS
"Spirit lead me where my trust is without borders. Let me walk upon the waters, wherever You would call me."
Hillsong UNITED

Scan me

Bid vir en reik uit na die weerloses

In Junie 2018 het die UNHCR bepaal dat daar wêreldwyd 68.5 miljoen mense is wat deur geweld van hulle tuistes verdryf is. Maar hulle is nie die enigste vreemdelinge waarna Jesus verwys nie. Jy kan ook uitreik na nuwe bure, 'n nuwe kollega of iemand nuut in jou skool.

Die aantal gevangenes in Suid-Afrika styg sedert 2016 elke jaar. Volgens Prison Insider was 286 uit elke 10 000 mense in Suid-Afrika in Februarie 2018 in die tronk. Tronke is oorvol en geteister deur geweld en bendes. Die Here vra ook dat ons sy liefde aan die in ons tronke wys.

Ongeveer 'n derde van die minste ontwikkelde lande in die VN is ook lande waar daar baie min evangelisasie gedoen word. Bid dat die Here mense sal voed na liggaam en gees en hou jou oë oop vir die wat die Here oor jou pad bring.

Bronne:
https://www.unhcr.org/figures-at-a-glance.html
https://www.prison-insider.com/countryprofile/prisonsinsouthafrica
https://lifewater.org/blog/9-world-poverty-statistics-to-know-today/